Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Alison February**
Hoofdirektoraat: Mensbestuurspraktyke
Alison.February@westerncape.gov.za | 021 467 2683

Lêerno.: 3/3/1/1/3
Verwysing: 20250314-1703

Omsendbrief: 0015/2025
Vervaldatum: 31 November 2025

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders en Prinsipale

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief verskaf die finansiële riglyne vir Fase V van die Basiese Onderwysindiensnemingsinisiatief.*

**Onderwerp: Finansiële riglyne vir die Basiese Onderwysindiensnemingsinisiatief – Fase V**

1. Die Presidensiële Jeugindiensnemingsinisiatief word as die Basiese Onderwysindiensnemingsinisiatief (BOII) geïmplementeer.

2. **Befondsingsmodel vir Fase V**

2.1 **Die befondsingsmodel vir Fase V verskil van die model wat in vorige fases gebruik is. Die projek sal nou onderskeidelik deur die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF) en Nasionale Tesourie befonds word.**

2.2 **WVF-befondsingsproses**

Die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) sal die befondsing van **14 959 werksgeleenthede** uit WVF-fondse administreer. 'n Bedrag van R80,00, as bydrae tot die WVF, sal van die bruto toelae (sien paragraaf 5.3) afgetrek word. Netto toelaes sal maandeliks direk in assistente se bankrekeninge inbetaal word. **Skole sal nie betrokke wees by die betaalstaat van hierdie assistente nie.**

2.3 **Nasionale Tesourie se proses**

Altesaam **4 370 werksgeleenthede** sal deur middel van die provinsiale regmatige deel (sien paragraaf 3 en paragraaf 5.3) befonds word. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) sal die maandelikse oordragbetalings vir hierdie assistente aan deelnemende skole verwerk. Die fondse sal voor die laaste dag van elke kalendermaand in die skole se bankrekeninge beskikbaar wees. Skole is verantwoordelik vir die administrasie van WVF-bydraes en om toe te sien dat toelaes en datatoelaes direk in assistente se bankrekeninge inbetaal word.

3. **Toelaes betaalbaar en WVF-bydraes**

3.1 Die toelae betaalbaar aan alle onderwysassistente en algemene skoolassistente vir Fase V van die BOII sal **R4 000,00** per maand beloop. **Betalings sal op 01 Junie 2025 begin en op 31 November 2025 eindig**. Hierdie bedrag sluit ook die werknemer se WVF-bydrae van 1% in (R40,00).

3.2 Daarbenewens sal die werkgewer se WVF-bydrae van 1% (R40,00) ook bygevoeg word, wat die totale WVF-bydrae tot 2% verhoog (R80,00). Hierdie totale bedrag van R80,00 sal deel vorm van die oordragbetalings aan skole.

4. **Uiteensetting van die maandelikse toelae**

| | |
|---|---|
| Bruto toelae<br>(sluit werknemer se WVF-bydrae van 1% in) | R4 000,00 |
| Werkgewer se WVF-bydrae<br>(1% van toelae) | R40,00 |
| **Totale maandelikse bedrag betaalbaar (aan skool)** | **R4 040,00** |

5. **WVF-vereistes**

5.1 Skole is volgens wet verplig om by die WVF te registreer en tot hierdie fonds by te dra vir die assistente wat deur die skool aangestel word. Skole kan die volgende skakel gebruik indien hulle hulp verlang oor hoe om by die WVF te registreer: http://www.labour.gov.za/uif_how_toregister-with-the-uif

5.2 Die Wet op Werkloosheidsversekering, 2001 (Wet 63 van 2001) en die Wet op Werkloosheidsversekeringsbydraes, 2002 (Wet 4 van 2002), is van toepassing op alle assistente wat deur skole in diens geneem is. Die assistente MOET werkloosheidversekeringsbydraes van 1% van die waarde van hul toelae per maand betaal. **Die skool en die assistent dra elk 1% by.** Die skool (as werkgewer) is verantwoordelik om die 1% wat hulle van die assistente se toelaes aftrek (werknemergedeelte) saam met die 1% wat

deur die projekfinansiering (as deel van die oordragbetaling) vir die werkgewergedeelte voorsien word, **vóór die 7de van elke maand** aan die WVF oor te betaal.

5.3 **Uiteensetting van die toelae en WVF-bydrae**

| | |
|---|---|
| Bruto toelae<br>(sluit werknemer se WVF-bydrae van 1% in) | R4 000,00 |
| Datatoelae | R30,00 |
| + Werkgewer se WVF-bydrae | R40,00 |
| **= Totale maandelikse koste (sluit data en WVF in)** | **R4 070,00** |

| | | |
|---|---|---|
| - 2% aftrekking vir WVF<br><br>(1% **werkgewer**bydrae (R40,00) +<br>1% **werknemer**bydrae (R40,00)) | - R80,00 | Maandeliks aan WVF betaalbaar |
| **= Netto toelae betaalbaar aan assistent (datatoelae ingesluit)** | **R3 990,00** | |

6. **Betalingskedule**

6.1 Die voorgestelde oordragbetalingskedule is soos volg:

| Oordragbetaling | WKOD se betaaldatum | Fondse in skole se bankrekeninge en skole doen oorbetalings |
|---|---|---|
| Toelae vir Junie 2025 | 20 Junie 2025 | 25 Junie 2025 |
| Toelae vir Julie 2025 | 25 Julie 2025 | 30 Julie 2025 |
| Toelae vir Augustus 2025 | 22 Augustus 2025 | 27 Augustus 2025 |
| Toelae vir September 2025 | 25 September 2025 | 30 September 2025 |
| Toelae vir Oktober 2025 | 24 Oktober 2025 | 29 Oktober 2025 |
| Toelae vir November 2025 | 21 November 2025 | 26 November 2025 |

6.2 Let asseblief daarop dat die bogenoemde betaaldatums onderhewig is aan verandering, na gelang van—

(a) Provinsiale Tesourie se skedule; en

(b) die NOK se aksiedatum vir direkte betalings in assistente se bankrekeninge om toe te sien dat die betaaldatums ooreenstem en alle assistente sodoende op dieselfde dag betaal word.

6.3 Die NOK sal aan skole leiding gee betreffende die administrasie van assistente se betaalstate.

7. **Maandelikse toelae en datatoelae – Fase V**

7.1 Elke assistent sal ’n netto toelae van R3 960,00 per maand ontvang. Voorts sal ’n maandelikse datatoelae van R30,00 per maand vir ’n tydperk van ses maande (van Junie tot November 2025) aan assistente betaal word. Hierdie toelae is daarop gemik om dit vir assistente moontlik te maak om in te skakel op platforms wat opleidingsgeleenthede bied en om assesserings ná skoolure te voltooi.

7.2 **<u>Let wel:</u>** Die datatoelae moet saam met die maandelikse toelae betaal word, soos in paragraaf 5.3 uiteengesit, om te verseker dat toegang tot platforms wat opleidingsgeleenthede bied en hulpbronne betyds verkry kan word.

7.3 Assistente is slegs geregtig op een datatoelaag per maand.

7.4 Assistente moet ontvangs van enige spesiale toelaes erken. Sodanige kontroleblaaie moet duidelik melding maak van die doel van die spesiale toelae, die besonderhede van die assistent aan wie die betaling gemaak word (naam, van, ID-/paspoortnommer) en die assistent se handtekening as bewys van ontvangs. Die prinsipaal moet op die kontroleblad afteken as finale magtiging dat die toewysings aan die assistente gemaak is.

8. **Pro rata-betaling van toelaes**

8.1 Dit is belangrik om daarop te let dat enige assistent wat gedurende ’n maand in diens tree of bedank slegs vir ’n pro rata-betaling van hul toelae in aanmerking kom. Die WKOD se projekkantoor sal die aanstellings- en bedankingsdata, soos op die Finansies- en Personeelbestuurstelsel vasgelê, maandeliks assesseer. Dit is daarom noodsaaklik vir skole om aanstellings- en bedankingsdatums **akkuraat en betyds** vas te lê. Prosesse vir die betaling van toelaes word streng deur die aanstellings- en bedankingsdatums gerig wat skole op die Finansies- en Personeelbestuurstelsel vasgelê het.

8.2 Alle pro rata-betalings van toelaes word vir **kalenderdae** betaal en <u>nie skooldae nie</u>. ’n Assistent wat byvoorbeeld gedurende ’n maand uit diens bedank, sal ’n pro rata-betaling ontvang vir die getal kalenderdae wat in die bedankingsmaand gewerk is. ’n Assistent met ’n kontrak wat op Maandag, 09 Junie 2025 in werking tree, sal in Junie 2025 ŉ pro rata-betaling vir 22 **kalenderdae** (09 tot 30 Junie 2025) ontvang.

8.3 Betaling van pro rata-toelaes aan assistente moet as volg saamgestel word:

| Maandeliks | Daagliks | Beskrywing |
|---|---|---|
| R3 960,00 | R130,20 | Toelae betaalbaar aan die assistent (WVF-bydrae uitgesluit) |
| R40,00 | R1,31 | Werknemer se WVF-bydrae (van assistent se toelae afgetrek) |
| R40,00 | R1,31 | Werkgewer se WVF-bydrae aan skool oorgedra |
| **R4 040,00** | **R132,82** | **Totale oordragbetaling aan skool oorbetaal** |

8.4 Skole moet die nodige pro rata-aftrekkings doen (soos in paragraaf 8.3 uiteengesit) vir enige **afwesigheid** van assistente wat by die skool aangeteken word (d.w.s. verlof sonder betaling), in ooreenstemming met die diensvoorwaardes in die assistent se indiensnemingskontrak. Enige óórbetalings of fondse wat deur die skool gehou word, moet binne sewe dae na elke einde van die maand aan die WKOD terugbetaal word. Betalingsbewyse van sodanige betalings moet per e-pos aan die betrokke BOII-distrikskoördineerder gestuur word.

8.5 Bankbesonderhede vir sodanige terugbetalings is soos volg:
Rekeningnaam: Western Cape Education Department
Bank: Nedbank
Takkode: 19 87 65
Rekeningnommer: 1452 045 089
Tipe rekening: Lopende
**Verwysing wat gebruik moet word: "school EMIS no." BEEI V** (Voorbeeld: 100000400 BEEI V)

9. Skole word daaraan herinner om alle nodige finansiële rekords vir ouditdoeleindes te bewaar.

10. Verdere finansiële inligting mag, waar nodig, aan alle skole uitgereik word, waarin toepaslike inligting en leiding vir die duur van die projek verskaf word.

11. 'n Memorandum van Verstandhouding vir Fase V (**Bylae A**), wat die ooreenkoms wat tussen die WKOD en elke skool aangegaan is uiteensit, sal aan alle deelnemende skole gestuur word. Die Memorandum van Verstandhouding vir Fase V moet deur die skool onderteken word en teen **15 Mei 2025** aan die distrikskantoor teruggestuur word sodat fondse vir Fase V van die BOII goedgekeur en aan die skool beskikbaar gemaak kan word.

12. Die WKOD wil weereens hul opregte waardering uitspreek vir u harde werk en ondersteuning sedert die aanvang van die BOII en u verseker van ons voortgesette toewyding aan alle deelnemede skole om sodoende te verseker dat Fase V 'n sukses is.

**GETEKEN:** BJ LORISTON
**WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2025-04-23